# History, historians & Afrikaner nationalism; essays on the history department of the University of Pretoria, 1909-1985.

F.A. Mouton (ed), Nicholas Southey & Albert van Jaarsveld.

Kleio, Vanderbijlpark, 2007

252 pp

ISBN 1-868225-04-6

Pieter de Klerk

Noordwes-Universiteit

Historici verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria (UP) het reeds heelwat oor die geskiedenis van hul eie departement geskryf. F.A. van Jaarsveld het 'n hoofstuk van sy boek *Afrikanergeskiedskrywing* (1992) gewy aan die departementshoofde vir Geskiedenis aan UP, terwyl Louis A. Changuion in die tydskrif *Historia* van November 2004 'n artikel gepubliseer het oor die geskiedenis van hierdie departement. Die boek onder bespreking, grotendeels geskryf deur prof. F.A. Mouton, tans van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), maar vroeër 'n student en dosent in dieselfde departement, bied die nuutste en mees omvattende studie van UP se Geskiedenisdepartement. Hierdie werk, waarvan die meeste hoofstukke reeds vantevore as tydskrifartikels verskyn het, handel oor agt historici wat almal 'n tyd lank aan UP verbonde was en het, anders as die twee bogenoemde publikasies, 'n besondere tema. Mouton skryf in sy voorwoord dat hy homself ten doel gestel het om na te gaan hoe die agt historici se loopbane en geskiedwerke bepaal is deur die departement se toewyding aan volksgeskiedenis, dit wil sê Afrikanergeskiedenis. Hy wil ook aantoon hoedat die departement homself geleidelik losgemaak het van die doelstelling om die saak van Afrikanernasionalisme te dien.

*TD: The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa,* Vol. 3 no. 1, July 2007, pp. 223 226.

In die eerste twee hoofstukke word goed aangetoon dat die strewe in die vroeë twintigste eeu om UP (aanvanklik bekend as die Transvaalse Universteitskollege) 'n volledig Afrikaanse instelling te maak 'n sterk negatiewe invloed op die eerste hoof van die departement Geskiedenis, Leo Fouché, en sy Engelstalige kollega J.A.I. Agar-Hamilton gehad het. In die derde hoofstuk word geskryf oor A.N. Pelzer, en Mouton probeer aantoon dat hy, soos sy voorganger, I.D. Bosman (aan wie daar nie 'n hoofstuk gewy is nie), die departement aangewend het as 'n instrument om Afrikanernasionalisme te bevorder. In die vierde hoofstuk skryf hy oor Jan Ploeger, 'n Nederlandse immigrant wat slegs enkele jare tydelik aan die UP werksaam was en wie se loopbaan negatief geraak is deur persepsies dat hy nie ten volle toegewyd was aan die Afrikanersaak nie. In sy hoofstuk oor die polemiek in die vroeëre vyftigerjare tussen F.A. van Jaarsveld en T.S. van Rooyen, wat albei eers later dosente aan UP sou word, bring Mouton en sy medeskrywer, Albert van Jaarsveld, die rol wat politieke verskille en ook naywer tussen leidende Afrikaanse historici in hierdie pennestryd gespeel het na vore. Die laaste drie hoofstukke handel oor F.J. du Toit Spies, F.A. van Jaarsveld en W.A. Stals, en Mouton dui aan dat hulle die departement weg van 'n eng nasionalistiese benadering gestuur het.

Mouton en sy medeskrywers het deeglike navorsing gedoen en ook toegang tot die persoonlike dokumente van sommige van die historici gehad. Hulle spits hulle hoofsaaklik toe op die biografiese aspek en bied baie interessante leesstof oor die professionele lewe van veral die eerste ses van die bogenoemde geskiedkundiges. Die laaste twee hoofstukke, oor Van Jaarsveld en Stals, is heelwat korter as die eerste ses en geskyf as huldeblyke na hul oorlye. Oor Van Jaarsveld, waarskynlik die bekendste en belangrikste figuur in die groep, is daar reeds heelwat deur andere geskryf. Mouton werp nuwe lig op aspekte van sy vroeë loopbaan in hoofstuk vyf, maar sy werksaamhede as akademikus by die Unisa, die Randse Afrikaanse Universiteit en, uiteindelik, UP, word hier nie uitgebreid behandel nie. Daar word ook nie diep ingegaan op die wetenskaplike bydraes van die agt historici nie, behalwe in die geval van Agar-Hamilton, in 'n hoofstuk geskryf deur Mouton en Nicholas Southey. Oor Fouché, Pelzer en Spies se geskiedskrywing is daar meer inligting te vinde in die genoemde geskrif van Van Jaarsveld. 'n Mens sou graag meer wou verneem oor die werk wat veral Ploeger gelewer het, aangesien daaroor nie veel in ander publikasies geskryf is nie. Die boek is dus nie in die eerste plek 'n kritiese studie van bydraes tot die Afrikaanse geskiedskrywing of selfs van die wyse waarop hierdie geskiedskrywing deur nasionalistiese strewes beïnvloed is nie, maar veral 'n gevallestudie oor die invloed wat politieke ideologieë, en in besonder nasionalisme, op die akademiese beoefening van geskiedenis kan uitoefen en hoe dit die loopbane van geskiedkundiges beïnvloed.

Die skrywers van hierdie studie slaag dan ook in die algemeen daarin om aan te toon watter negatiewe gevolge Afrikanernasionalisme op die beoefening van geskiedenis aan UP gehad het. Hulle ontsnap egter nie heeltemal aan die gevaar om bepaalde gevolgtrekkings so sterk te beklemtoon dat dit soms eensydig voorkom en daarmee aan geloofwaardigheid inboet nie. Mouton sien byvoorbeeld Ploeger se loopbaan as "a case study of the intolerance and exclusivity of Afrikaner nationalism, and the abuse of history for ethnic mobilisation and the legitimisation of the present" (p 156), maar uit die hoofstuk blyk dat ander faktore ook daartoe bygedra het dat hy nie 'n universiteitspos kon bekom nie, waaronder die skaarsheid wat daar in die veertiger- en vyftigerjare aan sulke poste was. In die geval van Van Jaarsveld word geskryf dat sy kritiek op Afrikaanse geskiedskrywers daartoe gelei het dat hy nie maklik 'n akademiese aanstelling kon kry nie, en dit het as 'n waarskuwing gedien aan ander historici "not to challenge the custodians of the othodox interpretation of the Afrikaners' past" (p 195). Dit lyk egter waarskynlik dat, as daar minder goed gekwalifiseerde historici en meer vakatures in geskiedenisdepartemente was, Ploeger en Van Jaarsveld nie soveel probleme in hul vroeë loopbane sou ondervind het nie. Van Rooyen, wat in die polemiek met Van Jaarsveld juis die ortodokse Afrikanernasionaliste se geskiedwerke verdedig het, moes byvoorbeeld drie jaar langer as Van Jaarsveld op 'n permanente akademiese aanstelling wag.

Mouton en sy medewerkers sien Afrikanernasionalisme hoofsaaklik as iets wat doelbewus deur intellektuele en politieke leiers aangewakker en bevorder is eerder as 'n krag wat binne 'n gemeenskap werksaam was en mense se beskouinge in 'n bepaalde rigting gestuur het. Hulle staan baie krities teenoor nasionalisties gesinde historici en toon min begrip vir die invloed wat 'n bepaalde geestesklimaat op mense se wetenskaplike werk het. Soos algemeen onder historici bekend, is talle geskiedwerke wat, oral ter wêreld, sedert die vroeë negentiende eeu gelewer is in mindere of meerdere mate deur nasionalistiese beskouings beïnvloed, en sommige van hierdie werke word meesal as van hoë gehalte beskou. Tans toon die publikasies van baie historici in Suid-Afrika en ander Afrikalande die invloed van Afrika-nasionalisme of Afrikanisme. Soos reeds gemeld, dui Mouton aan dat Spies, Van Jaarsveld en Stals wegbeweeg het van die eng nasionalisme van die veertiger- en vyftigerjare. Hulle taak is egter baie vergemaklik deurdat die ideaal van 'n Afrikaner-gedomineerde republiek in 1961 bereik is en Afrikanernasionalisme daarna verflou het, sodat die denkklimaat verander het. Mouton verwys wel hierna, sonder egter om die rol van die veranderende agtergrondsfaktore uitgebreid te bespreek.

Ook al stem 'n mens nie heeltemal met Mouton *et alia* se uitgangspunte en algemene benadering saam nie, bly hul boek 'n belangrike toevoeging tot die werke wat daar oor die Afrikaanse geskiedskrywing bestaan.

*TD*, 3(1), July 2007, pp. 223 226.

Dit is eenvoudig en boeiend geskryf en toeganklik vir 'n veel wyer leserspubliek as die klein groepie Suid-Afrikaanse historici. Die boek bevat foto's van die agt geskiedkundiges en is tipografies baie goed versorg. Dat dit moontlik was om 'n boek oor 'n betreklik gespesialiseerde onderwerp soos geskiedskrywing uit te gee, behoort te dien as 'n inspirasie vir ander historici om selfstandige publikasies, en nie net artikels in akademiese tydskrifte nie, te lewer.